

Vrydag 5 November

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 6:7

Die kragtige reiniging van 'n profeet

Ons vind hier 'n visioen van Jesaja wat eerder al verwag is. Tog, binne die konteks kom 'n besondere wending wat in die verloop van die profesie bespeur kan word. Die verandering kom wanneer Jesaja beseft hy staan in die teenwoordigheid van die heilige God. Hy sien die Here op sy hoë troon sit en die dienende serafs roep mekaar toe: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!"

Vers 5 beskryf aan ons die ontnugterende beseft waartoe Jesaja skielik kom: "Dit is klaar met my! Ek is verlore!" Die heilige teenwoordigheid van God laat mens jou sondeverlorenheid beseft en vul jou met berou. In hierdie bewussyn van jou eie swakheid weet jy dat jou tekortkominge jou verhinder om met vrymoedigheid te spreek.

En let op, weereens vanuit God se troonsaal kom een van sy diensdoenende serafs met die gloeiende kool vanaf die altaar (teken van versoening) en reinig sy onrein lippe! (vs 7). God bewerk die versoening. Hy vergewe ons oortredinge en berei ons vir ons roeping. Hierdeur word Jesaja tot die roeping oortuig deur die Heilige Gees dat toe die roepstem van ons Here gehoor word, het hy – en moet elkeen van ons – in oortuiging aanmeld vir diens: "Hier is ek! Stuur my!"

So bewerk Jesus Christus, ons Here, vir ons versoening met ons hemelse Vader. Wanneer Hy in jou lewe verskyn, bring dit daardie diepe, berouvolle bewussyn van eie sonde en ongeregtheid. Maar Hy reinig ons van dit alles deur ons te was met sy soenbloed aan die kruis. Deur die Heilige Gees herskep Hy ons in 'n nuwe lewe sodat ons in dankbare gewilligheid, wanneer ons God se roepstem hoor, kan uitroep: "Hier is ek! Stuur my!"

Sing: Psalm 148-1:1, 5

Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)